


Is Russet Burbank aangepas vir SA toestande?

Pierre Fourie en Martin Steyn,
LNR-Roodeplaat



FIGUUR 1: Totale knolopbrengs (ton per hektaar) van drie aartappelkultivars by vyf watertoedienings in die lente 1999 seisoen (sien teks vir beskrywing van waterbehandelings).

Russet Burbank word op grootskaal in die VSA verbou, hoofsaaklik vir die verwerking na slapskyfies as gevolg van die kultivar se goeie verwerkingseienskappe, die gevoeligheid van Russet Burbank in blaarsiektes ten spyte. Aangesien die LNR-Roodeplaat reeds vir etlike jare evaluasies van kultivars ten opsigte van waterbehoefte en droogteverdraagsaamheid doen, is die gewaskundespan genader om Russet Burbank te evalueer.

Die proef


Russet Burbank is in die lente van 1999 en in die herfs van 2000 op LNR Roodeplaat geëvalueer. Dit is saam met Up-to-Date en Evan, 'n nuwe

plaaslik- ontwikkelde kultivar, onder reënskerms geplant om onder andere waterbehoefte en droogteverdraagsaamheid te evalueer.


Up-to-Date word as standaard mediumseisoen kultivar gebruik en word as droogte- en hitesensitief beskou. Die kultivars is aan vyf verskillende waterbehandelings (toedienings) onderwerp naamlik: W1 – die ongestremde kontrole en W2 – W5 wat onderskeidelik 84%, 57%, 46% en 29% van die water ontvang het wat deur die plante by die ongestremde behandeling gebruik is.

Lente 1999

Gedurende die lente-aanplanting het Russet Burbank by die droër



FIGUUR 2: Totale knolopbrengs (ton per hektaar) van drie aartappelkultivars by vyf watertoedienings in die herfs 2000 seisoen (sien teks vir beskrywing van waterbehandelings)



FIGUUR 3: Opbrengs van groot knolle (ton per hektaar) van drie aartappelkultivars by vyf watertoedienings in die herfs 2000 seisoen (sien teks vir beskrywing van waterbehandelings)

TABEL 1: Opbrengs groot knolle as persentasie van die totale opbrengs gedurende die herfs 2000 seisoen

	Nat behandelings (W1- W2)	Droë behandelings (W3-W5)
Up-to-Date	8.4%	1.6%
Evan	53.5%	9.7%
Russet Burbank	6.9%	0%

behandelings vroeg afgesterf wat 'n aanduiding van droogtegevoeligheid is. Baie misvorming, selfs meer as by Up-to-Date wat vir hierdie probleem bekend is, het by die ander behandelings voorgekom wat op hitte-sensitiwiteit kan dui. Russet Burbank, wat in die VSA as verwerkingskultivar gebruik word, se verwerkingskwaliteite was oor die algemeen ook nie volgens SA standaard aanvaarbaar nie. Totale opbrengste van Russet Burbank by die natter behandelings was goed, maar swakker as dié van die ander twee kultivars (Figuur 1).

Herfs 2000

Opbrengste in die herfsseisoen was vir al die kultivars laer, wat 'n algemene tendens gedurende die herfsseisoen is (Figuur 2). Die opbrengs groot knolle van Russet Burbank was egter baie laag, wat 'n aanduiding is dat dit soos Up-to-Date, nie goed aangepas is vir die kort herfsseisoen nie (Tabel 1 en Figuur 3). Die kort daglengte gedurende die seisoen is waarskynlik die rede hiervoor. Verwerkingskwaliteite van Russet Burbank en Up-to-Date was by al die waterbehandelings aanvaarbaar. Interne kwaliteit van aartappelkultivars is gewoonlik beter in die geval van herfaanplantings.

Opsomming

Dit wil voorkom asof die kultivar Russet Burbank nie geskik is vir produksie in klimaatstoestande soos dié wat gedurende die lenteseisoen op Roo-deplaat ervaar word nie, hoofsaaklik as gevolg van misvorming. Die baie lae opbrengs van groot knolle in die herfsseisoen sal die besluit om Russet Burbank in die herfs te verbou negatief beïnvloed omrede die kultivar hoofsaaklik vir verwerking na slapskyfies verbou word, waarvoor oorwegend medium tot groot knolle vereis word.

Bedankings

Die outeurs wil graag die volgende instansies bedank vir finansiële ondersteuning van die werk: die LNR Roo-deplaat, McCain Foods SA en Aartappels Suid-Afrika.

